


Landlyn (018) 473 5354 Faks: 086 622 5363 E-Pos: info@crossroad-ministries.co.za Adres: 94 Dickens Avenue, Orkney, 2619

Crossroad Gospel Message NPC 2013/00234/08, FNB Account Nr 62355533540, Branch 250053




# Wat was Erfenis Dag vir Jou?

## Gaan lees ASB Haggai 1 & 2

## 24 September 2013

**Vir baie Suid Afrikaners was dit net nog 'n dag, dalk 'n rustige vakansiedag by die huis, vir baie was dit Nasionale Braaidag, maar wat was dit vir jou?**

Die profeet Haggai het 520 BC God se volk aangespreek oor die Tempel van God wat in puin gelê het terwyl hulle gemaklik in hul eie huise gebly het en uit hierdie gedeelte praat Haggai oor 5 dinge met die volk, maar ook met ons vandag!

1) **Ondersoek jul hart en kyk na jul PRIORITEITE. Staan jul eie begeertes en gemak in die pad om vir God se Koninkryk iets te beteken? Hoe lyk JOU tempel, JOU liggaam waarin God se Heilige Gees woon of wil woon? Is dit 'n murasie as gevolg van jou eie begeertes of is dit 'n pragtige paleis vir God se Gees?**

2) **Het ons 'n verslaande attitude of gees (BATTERED, BROKEN SPIRIT)? Gee ons maar toe aan die vyand en verloor ons geloof in God as die aanslae bietjie te veel word? Het jy boedel oorgegee in die lewe??**

3) **Bely ons nog ons sonde en is dit ons begeerte om 'n rein en skoon lewe voor God te lei uit liefde vir wat Jesus Christus vir ons gedoen het?**

4) **Tree ons dapper (COURAGEOUS) op teen die vyand en situasies omdat ons glo dat God met ons is en in volle beheer is van elke situasie in ons lewe of is ons ongelowige lafaards?**

5) **Kan ons veilig rus in God se arms omdat ons weet dat hy ons wil en sal seën oorvloedig, ingestop tot oorlopens toe vol al lyk ons toestand en finansies hoe pateties?**

## *God is so getrou en so vol liefde! Hoor wat sê Hy in Haggai 2*

**Haggai 2:18** Merk tog op, van hierdie dag af terug, van die **vier en twintigste dag van die negende maand,** naamlik van die dag af toe hulle **die fondament van die tempel van die HERE gelê het**; merk op:

**Hag 2:19** Is daar nog saad in die skuur? Ja, selfs die wingerdstok en die vyeboom en die granaatboom en die olyfboom het niks opgelewer nie.

## *Van hierdie dag af sal Ek seën*!

Ten spyte van ALLES wat ons gedoen het, wil God ons **nogsteeds seën** net soos hy Sy volk elke keer vergewe het vir hul ontrouheid en hulle ten spyte van hul ongeregtighede, geseën het!




Die **hoeksteen van die tempel** is op hierdie dag gelê (vers 18) en hierdie **HOEKSTEEN** verwys na **JESUS CHRISTUS (Efesiërs 2:20)**!

Is dit nie wonderlik nie? HY is die **HOEKSTEEN** van ons hele **BESTAAN, LEWE** en in **HOM** is ons **GESEëND**! Hy is die **VERVULLING** van die

## 24ste dag van die 9de maand!

**Jesus het aan die KRUIS vir JOU en vir MY die volle oorwinning behaal sodat ons nooit hoef gebrek te hê nie, sodat ons genesing kan kry, sodat ons vrede kan hê!**

**KOM ONS VIER DIT EN GLO DIT EN LEEF DIT!**

# Kruispad kuier by Evanna Tehuis, Hartbeesfontein









**Bo:** Tannie **Alet Duvenhage** is net 'n bolletjie blydskap! Haar geliefde teksie is **Fillipense 4:4 wat sê: "Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle!"** Sy sê die **HER-HAAL** wys hoe belangrik dit is dat ons moet **bly wees in die Here**! AMEN!

**Hartbeesfontein, 21 September 2013** – Dit was nou vir jou sommer 'n lekker kuiertjie by hierdie 103 dierbare senior mensies asook die hele personeel van Evanna Tehuis!

Ons was vroeg in die jaar by hulle en hulle het behoorlik aangehou dat ons weer moet kom kuier. Baie dankie aan Cynthia & Sonja wat vir ons al die eetgoedjies gebak het. Daar was lekker souttertjies, lemon-merinque tertjies, piesangbrood, koeksisters en melktertjies en elke tannie en oom het hul pakkie gekry met 'n seënwense van Kruispad af.

Francois en ek het vir hulle gesing en die Woord gebring, alles sommer so lekker informeel. **Daar was 'n oompie van 101 jaar oud**! Meer as 'n **EEU** oud!

**Dankie aan almal wat kom help het om hierdie mensies se dag besonders te maak! Julle is sommer staamakers en ons Vader wat in die Hemel is, kyk met welbehae en dankbaarheid na julle!**

**Ons beplan ook 'n uitreik na Potchefstroom-, Ottosdal- en Klerksdorp se Tehuise nog voor die einde van 2013 as die Here ons toelaat tussen al ons ander verpligtinge deur.**

**Dankie Here vir mense wat U liefhet en dien in die aanskemering van hul lewens...**

Prediker 12:1 En dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid voordat die ongelukkige dae kom en die jare aanbreek waarvan jy sal sê: Ek het daar geen behae in nie—






# Ons begrawe vir Oupa Louis Smit (94 jr) 17 Sept 2013



**Oom Louis** was ons **oudste ondersteuner** sedert ons begin het met dienste in Klerksdorp area in 2009!

Oom Louis se kinders is almal lidmate van ons **Kruispad Familie Kerk** en ons het die voorreg gehad om **3** van sy **agter kleinkinders** toe te wy aan die Here die 8ste September 2013 waarvan ons **kleinseun, Jaden** een was!

Ons weet oom Louis is by Jesus, dis verseker! Hy en **tannie Engela** was **57 jaar getroud** en dis verseker een van die gehegste families wat ons in ons lewe nog gesien het.

**Ons weet julle gaan oupa mis, maar hy het vir julle groot voetspore nagelaat waarin julle moet stap!**

---



# Ondersteun die PC Pelser Lughawe Restaurant, Klerksdorp!

**Jan & Linda du Plessis, ex-eienaars van Mustangs Klerksdorp, is die nuwe eienaars van die PC Pelser Lughawe Restaurant. Die kos is soos altyd uitstekend, hul gasvryheid oorweldigend en dan is daar boonop veilige speelplek vir die kleingoed!**




Hulle is elke aand van die week oop en Sondae bedien hulle heerlike middagete. Terwyl jy sit en eet, kan jy die vliegtuie sien taxi en binnekort sal Linda julle kan rondvlieg! Sy is besig met haar vlieglisensie en wens haar baie sterkte toe! Jan sal die kinders (groot en klein natuurlik) besig hou...haha! Ons kleindogter Sorétjie (5jr) is verseker mal oor die oom met die snaakse hare!!



**Jan & Linda baie dankie vir die uitnodiging na 'n heerlike aand saam met julle Saterdag 14 September en jul gaste.** Ons is met soveel liefde ontvang en ons het heerlik geeet aan daai skaap-boudjie. Ek dink Poi (hierlangsaan) het dit net so geniet..of hoe Poitjie???! Mmm...hy hoor nie...





***Psalm 127:1*** *'n Bedevaartslied. Van Salomo. As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die HERE die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter!*



Kruispad familie kerk



**Ons kan waaragtig sê:** "Here, U is besig om hierdie **Kruispad Familie Kerk** te bou in Klerksdorp & Kimberley en al hou ons **NET 2 DIENSTE PER MAAND**, sien ons groot wonderwerke voor ons oë gebeur! Ons loof U, want is besig om hierdie huis te bou waar U al die eer kry!"







**Neil stort die wyn uit oor die voorstelling van Jesus se liggaam wat Sy Bloed simboliseer.**

**Bo: Nic van KFK Kimberley**

# Nagmaaldiens 8 Sept 2013



Omdat ons net **2 dienste per maand** hou by Mayfair (op die R30 roete tussen Klerksdorp en Orkney), hou ons **elke 2de Sondag Nagmaal** en watter wonderlike diens was hierdie een nie! **Ons het Jesus se liggaam simbolies voorgestel wat in doeke toegedraai is soos wat hy in die graf neergelê was 2000 jaar gelede na sy kruisiging op Golgota!** Elkeen het die geleentheid kry om 'n stukkie van sy broodjie en druiwesap oor die simboliek van Jesus se liggaam te kom breek en uitstort. Dit was 'n intense ervaring en ons het weereens so 'n duidelike besef gekry van wat Jesus vir ons kom doen het, maar ook gesien hoeveel seer en stukkend mense daar is. Daar het soveel trane geloop en ons dank die Here vir genesing & herstel van gebroke lewens en harte!

Ons was baie dankbaar vir Nic & Johan Flemming (Worship Leier) van **Kruispad Familie Kerk Kimberley** wat onverwags by ons ingeloer het en die diens saam met ons geniet het. Dankie vir julle moeite! Dit was kosbare oomblikke saam met julle!

## 22 September 2013 Ons wy 4 kindertjies toe aan Jesus!



**Bo:** Elmarie & Gert Krog met klein **Vianette.**
**Regs:** Gys & Anlie van Rooyen met klein **Kiegan.**





**Bo:** Ettienne & Rozaan du Toit met klein **Lizené.**

**Links:** Cynthia Fouché en haar pragtige pleegdogtertjie, **Celine.**

# 22 September 2013

Kruispad familie kerk



**'n Woord wat deur siel en been gesny het**.... letterlik en figuurlik! Ons besef dat die dae boser word en wat vuil is, word vuiler. Ons het nie meer tyd om te "wine & dine" nie... Ons moet die Woord reguit verkondig sonder om doekies om te draai of om mense se gehoor te streel...

**Kruispad SAL** die Woord van God verkondig deur die **KRAG van God se Heilige Gees sonder om te "compromise"**.

Dankie vir elke mens wat na Kruispad se dienste toe kom met 'n oop hart en toelaat dat die WAARHEID ons vrymaak!



***Mattheus 18:8***
*En as jou hand of jou voet jou laat struikel,* ***kap dit af*** *en gooi dit weg van jou af; dit is vir jou beter om in die lewe in te gaan, kreupel of vermink, as om twee hande of voete te hê en in die ewige vuur gewerp te word.*

## Boodskappe sal vanaf 1 Oktober op ons website www.crossroad-ministries.co.za beskikbaar wees (PowerPoint & Audio) om af te laai!




Indien jy dalk 'n facebook vriend was van Francois of René en jy sien ons is weg...moenie stress nie! Ons het besluit om 'n gesamentlike FACEBOOK oop te maak met al ons groepe naamlik: Kruispad Familie Kerk, Nationale Profetiese Vrouekamp, Getroud Met Liefde & Joshua Kampe.

Besoek en invite ons gerus weer by www.facebook.com/francoisrene.vandenbergh

Die rede vir ons oorskakeling is bloot omrede ons net te veel mense op ons profiele gehad wet wat eintlik onbekend aan ons was en ons is gedurig "gehack" en ons profiele gedupliseer. Sien jou!!!




As jy jou hart en lewe al vir Jesus Christus gegee het en verklaar het dat HY die Seun van God is en dit GLO met jou hart, sal jy gered word en kan jy jou laat doop volgens God se Woord. Ons noem dit die **BEKERINGSDOOP**, die afwassing van jou **OU LEWE** en die **OPSTANDING** van jou **NUWE LEWE** in Christus!

**Handelinge 8:36 & 37** *En terwyl hulle voortreis op die pad, kom hulle by water; en die hofdienaar sê vir hom: Daar is water; wat verhinder my om gedoop te word? (v37) Toe sê Filippus: As u glo met u hele hart, is dit geoorloof. En hy antwoord en sê:* ***Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is.***

**Indien jy ingesluit wil word, kontak Connie @ 082 328 2988**

Ons gee **SERTIFIKATE** uit en wil graag jou **NAAM & VAN** hê voor die tyd asb!

**Wat bring jy saam:**

* Gemaklike klere waarin ons jou gaan doop of 'n stel droë klere
* Handdoek en kam/borsel

Dis EEN AKSIE!
Dis EEN STAP van
GEHOORSAAMHEID!



**Baie geluk aan**

**Chris & Zandra Beukes**

**Dit was n voorreg om julle op 23 September 2013 voor God in die Huwelik te bevestig!**

Ons wens vir julle 'n vreugdevolle huwelik toe met jul **huis & lewens** gebou op die **ROTS, Jesus Christus** waarsonder **GEEN** huwelik 'n kans het op oorlewing en geluk nie!

## Op 'n ligter noot....

*When a man marries a woman, they become one--the trouble starts when they try to decide which one.* CROFT M. PENTZ




# Die MANNE kamp hierdie naweek!

**As jy nog nie geboek het nie, is NOU dalk 'n goeie tyd!**

**Neil Fourie** en **Ryan Nicholls** is die organiseerders van hierdie Goddelike mannekampe en hierdie naweek gaan hul groot!

Die kamp is oop vir **ENIGE** man wat graag wil kom **rus, re-charge** of sommer net in God se teenwoordigheid wil spandeer.

Dis heerlik informeel en dis amper soos 'n klomp broers wat saamkuier op hul Pa se plaas!

**Bespreek gou by Neil @ 074 581 9950**

**Kampdatums 2013**

**27-29 Sep & 22-24 Nov**

Die kampe word **16km buite Orkney op die Bothaville** pad gehou. Dis 'n pragtige plaas genaamd **KAMEELFONTEIN**. Elke kamer het sy **eie badgeriewe** en die **etes** is **top gehalte**!





**R450pp**

**Dagbesoekers baie welkom!**

**Casual Klere**

**Niks nodig om saam te bring nie!**

Banking Details: First National Bank Account Name: Crossroad Gospel Message NPC
Account Nr 62355533540 Branch Code: 250053 Reference: Surname & Cellnumber



# Ons laaste kamp vir 2013...beperkte plekke!




# Koster, Noord-Wes

# 08-10 Nov 2013




**'n Somersnaweek, weg van die stad, diep in die natuur op een van die mooiste, luukse wildsplase ooit! Luukse kamers met hul eie badkamers, lekker kos terwyl ons baie gaan leer en wys word!**

**KOSTES:** R1450.00 per couple (etes, akkomodasie & leerstof) **SLEGS 18 COUPLES**

**Deposit van R700 is betaalbaar by besprekings asseblief**

**VENUE:** SHAMMAH GAME LODGE **Boek op ons webtuiste:** www.crossroad-ministries.co.za

**of bespreek telefonies by: Connie @ 082 328 2988 of (018) 473 5354**

Kom verbreed jou horison, kom reis na nuwe plekke, kom besoek die "ancient ruines", kom dans die "Dans van die Liefde" en vat jou huwelik en intieme lewe na 'n onondekte eiland van vuurwarm passie, romanse en 'n volkome kans op oorlewing!




# God wil huwelike regoor Suid-Afrika herstel!

**Ons het JOU hulp nodig!** Ons kan nie alleen hierdie groot taak suksesvol uitvoer nie en daarom het die Here vir ons hierdie plan van aksie gegee:

- ♥ Ons moet **baniere (Jehovah Nissi!)** maak soos die een hierlangsaan (+/-1200mm x 700mm) en iemand in 'n dorp of stad identifiseer wat 'n **besigheidsplek** het waar daar **baie mense deur beweeg**.
- ♥ Ons gee ook vir hierdie persoon **besigheidskaartjies met die nodige inligting** wat by die toonbank beskikbaar sal wees as mense navrae doen.
- ♥ Sou daar 'n **behoefte** wees in daardie dorp/stad vir so 'n werkswinkel, sal ons **'n datum vasstel** en 'n kamp of seminaar aanbied. Seminare sal oor 2 of 3 dae strek (2 aande en 'n saterdag of soos dit gemaklik sal wees vir paartjies)
- ♥ **KONTAK ons ASSEBLIEF indien jy gelei word om so 'n banier by jou besigheid op te sit en ons te help om hierdie werkswinkels te adverteer. Rene @0732582688 / 018 473 5354**




# 100% Aanbiddings Naweek...

Ons het mooi by die Here gehoor rondom die tema en die doel van hierdie kamp en die Here het dit duidelik gemaak:

**EK SOEK AANBIDDING! MY SEëN KOM AS JULLE MY AANBID IN GEES EN IN WAARHEID! MY WORD MANIFEST IN THE PRESENCE OF WORSHIP!**

**BAIE BELANGRIK!** **Ons het 'n baie moeilike besluit gemaak**: Om **tyd te skep** vir aanbidding, sal ons hierdie jaar **GEEN DANS ITEMME** hê nie. Ons kan wel dansers daar hê, maar **almal sal PROFETIES saam met die praise & worship vloei**. Ons gaan ook die verhoog by Deo Gloria beskikbaar stel spesifiek vir dansgroepe om beurte te maak om profeties te dans tydens ons aanbiddingssessies.



## GEEN BESPREKING SONDER 'N VORM!

1) Besprekings kan gedoen word by **Connie @ 082 328 2988** (<u>**enigste nr vir bespreking!!!**</u>) of **aanlyn** op ons **webtuiste www.crossroad-ministries.co.za** of per **FAKS 086 622 5363**
**(skakel met Connie vir Besprekingsvorm as jy per faks wil bespreek)**

2) Ons aanvaar <u>GEEN</u> ander besprekingsmetodes nie (facebook, e-posse, smse na ons privaat nrs toe ens) Dit maak vir ons die stelsel net baie makliker en ons vra almal se samewerking!!

3) Koste sal **R350.00pp** beloop (aanpassing agv van kos en akkommodasie se stygings), **Pensionarisse (60+) = R300.00** en **Kinders: 5-12jaar = R300.00**



4) <u>**GEEN inbetalings hoef hierdie jaar gedoen te word nie.**</u> Gelde kan **by die KAMP** self betaal word! Ons het slegs jou inskrywing nodig om vir jou voorbereiding te tref! As jy wel inbetaal, moet die asb die **VOLLE BEDRAG** eenmalig wees. Die **VERWYSINGSNR** is **BELANGRIK**: Slegs jou **VAN + Selnommer** of **net jou selnommer** (ons sal jou bel!)

5) **Bustarief: R250.00pp (dit geld vir busse wat vanaf Vanderbijlpark loop op die N12 roete): Busgelde sal DIREK aan die onderskeie busbestuurders oorbetaal word (Jy BOEK jou plek op jou registrasie vorm.)**

## ONS HANTEER BORGE OP 'N UNIEKE WYSE!



- **Elke donasie** wat van **'n borg** inkom na Crossroads toe, word **verdeel** tussen **'n aantal vroue** m.a.w ons sponsor **nie net EEN vrou 100%** nie, behalwe in uiterste gevalle.
- Ons **verdeel die donasies** en vra elke vrou se **persoonlike aksie en geloof** om vir die **uitstaande bedrag** te sorg.
- **Elke vrou bring haar deel en God sorg vir die res!!**

## BANKBESONDERHEDE VIR BORGE

**REKENING NAAM: Crossroad Gospel Message NPC**
**Nr: 62355533540 (Kontant of EFT's) Takkode 250053, Verwysing: Van & Selnr**

**As gevolg van 'n besluit wat geneem is deur die Presiderende Pastore van AGS Dinamika, mag ons ongelukkig nie meer hulle gronde gebruik nie, maar ons wil baie dankie sê vir Ds Hannes Nagel wat hul gronde vir ons beskikbaar gestel het. Die seën van die Here rus op julle!!!**



Ons het **2 busse wat vanuit Vanderbijlpark** gaan vertrek op die

**Vrydag 25 Oktober @ 07H30**



<u>Ons vertrekpunt sal as volg wees: Koordinate : -26.697283,27.840706</u>

**NGK Oos Vanderbijlpark, h/v Playfair Blvrd & Livingstone Blvrd Vanderbijlpark GAUTENG**




# Nou is daar ook 'n NOORD-KAAP bus!

**Stephanie Coetzee** se man het 'n bus beskikbaar gestel wat vanaf Kimberley die hele **GROEN** roete sal doen om ons vrouens op te tel!

**Hierdie area se vrouens kan Stephanie gerus kontak by : 073 471 1216 (bel asb vroegtydig!!)**

# Ons busse het beperkte plekke!




**BESPREKINGS & NAVRAE**

**018 473 5354 of 082 328 2988 (Connie)**
**Faks: 086 622 5363**
**Aanlyn: www.crossroad-ministries.co.za**

Crossroad Gospel Message (Pty) Ltd
**BANK:** FNB Wilkoppies **TAK KODE:** 250655
**REK NO:** 62355533540 **VERW NO:** SELNOMMER!!

**NB:** Help ons assbelief hierdie jaar om ons besprekings te vergemaklik!

- **Indien jy inbetaal, betaal asb volle bedrag eenmalig in en gebruik slegs jou SELNOMMER as verwysing. Ons bel JOU!**
- **Jy MAG by die kampgronde kom betaal. Bevestig net asb!**

Crossroad Gospel Message

**Kampfooie**
Normal Entry (13yrs +) - R350
Children 0-4 Years - Free
Children 5-12 Years - R300
Pensioners 60+ - R300

| | |
|---|---|
| **NAAM /NAME** | |
| **VAN/SURNAME** | |
| **ADRES/ADDRESS** | |
| **WORK / WERK TEL** | |
| **SEL/CELL** | |
| **KERK/CHURCH** | |
| **ID NR** | |
| **VERVOER MET BUS?** R250 per persoon vanaf Vanderbijlpark | |
| **HANDTEKENING SIGNATURE** | |

# www.crossroad-ministries.co.za

## Jy is deur GOD georden as 'n Koning van Kruispad!

Ons het **DUIDELIK** 'n opdrag van God ontvang in 2007 toe ons moes bedank en uittrek uit die AGS in Vanderbijlpark waar ons voltyds gewerk het (veilige gemaksone!) en slegs deeltyds bedien het. Ons moes **VOLKOME** God vertrou en **Hy** het aan ons hierdie **belofte** en **waarskuwing** gerig: **EK SAL VIR JULLE SORG! EK** sal vir julle manne en vroue oprig wat **KONINGS** sal wees in julle be-diening wat 'n **ROEPING** is! **JULLE mag nie KONINGS opwek nie...**. **EK** sal hulle **ROEP** en **ORDEN** as **KONINGS!**

Oor die afgelope 6 jaar het God **KONINGS** geroep wat vir ons tot vandag toe nog sorg soos die kraaie vir Elia by die spruitjie krip. Hierdie **KONINGS** beskerm ook die **ROEPING** op ons lewe en hulle het 'n **AANDEEL** in die **OES** wat **ontsagwekkend groot** is as ons terugkyk oor hierdie periode,

As die Here vandag vir JOU vra om 'n **KONING** in Kruispad te word, weet verseker dat die grond vrugbaar is en goed voorbereid is vir jou saad en dat ons saam met jou hierdie oes sal inroep in die Naam van Jesus Christus!

**Jy kan 'n maandelikse debietorder voltooi of dit self reël met jou bank.**
**Die minimum bedraggie is slegs R55 per maand! (5= GENADE m.a.w GENADE+GENADE!)**

The truth is, the God of the Bible values our individual freedom. He gives up the choice to choose what we want. **He only provides the tools for us to get what we want.** The Law Of Sowing And Reaping is just a tool for us to use. He hopes that we can use it wisely.

# Stuur asb jou GEBEDSVERSOEK deur na 082 328 2988

**BANKBESONDERHEDE VAN KRUISPAD:**

**CROSSROAD GOSPEL MESSAGE NPC**

**FIRST NATIONAL BANK**

CHEQUE ACCOUNT: **62355533540**

BRANCH CODE: **250053**

Bogenoemde bankbesonderhede is ook dieselfde vir ons

**Kruispad Familie Kerk**







Die Here het vir René gebruik om

## Newcom Fluid Management

se **nuwe website** te ontwerp en julle kan gerus gaan inloer by **www.newcomfluid.co.za**

Newcom is die **amptelike borge** van Kruispad se **Vito bussie**, maar hulle is ook onlosmakend deel van Kruispad se visie.

Ons is reeds besig om saam met **Della van Huyssteen** (Direkteur van Newcom) om koppe bymekaar te sit vir ons groot **SSA Manne Saamtrek 2015!!!**

Hierdie saamtrek van letterlik duisende manne van regoor Suid-Afrika sal DV vroeg in 2015 plaasvind op die **Plaas Hermon** tussen Hertzogville & Boshof in die **Vrystaat.**

Ons benodig **maatskappye en individue** wat betrokke wil raak aangesien hierdie baie groot **organisasie** verlang asook **finansiële ondersteuning**!

**Hierdie is GOEIE GROND vir 'n GOEIE OES!**

Skakel ons NOU as God se Gees jou oortuig om deel te word!

**Della @ 082 700 1512**
**Francois @ 079 498 6099**

